

*Stormweer, koue, sneeu, reën, tornado's, hael, vloede...  
 Suid-Afrikaners het hierdie afgelope week die volle impak beleef.  
 'n Mens staan klein en nederig oor die geweld van die natuur,  
 jy ervaar die Almag van God en besef weereens dat slegs Hy in beheer is van die skepping.  
 Bly warm en veilig!*



## 1. GEMEENTES BIED AAN: NG BETHLEHEM-OOS:

**NGK BHM-OOS - Jordania**  
**29 JULIE 2016**  
 12:00 - LAAT

**PANNEKOEK**  
**KOEKAFEL**  
**KERRIE EN RYS**  
**BOEREWORS ROLLE**

• LEKKER VERMAAK  
 • SPELETJIES  
 • KINDER TOMBOLA TAFEL

**VETKOEKE, SOSATIES**  
**POEDING EN VELE MEER...**  
 NAVRAE 058 303 4583 (Kerkkantoor)

## NG KROONHEUWEL-NOORD:

NG Kroonheuwel-Noord hou op **Saterdag 30 Julie 2016** 'n heerlike tradisionele winterbasaar met al die lekkerste eetgoed soos net by 'n kerkbasaar te kry. 'n Nuwe toevoeging tot die basaar dié jaar, is 'n heerlike ontbyt vir slegs R40 wat vanaf 09:00 tot 11:00 genuttig kan word. Die basaar self begin om 10:00. Biltong, kerrie en rys, jafels, pannekoek, nagereg, gebak, hamburgers, sosaties en baie snuffelware is onder andere te koop. Omdat dit met ons almal moeilik gaan wat die ekonomie betref, is pryse dieselfde as verlede jaar gehou. Daar is ook twee blesbokke op die spel wat gewen kan word. Heerlike speletjies en musiek vrolik die koue wintersdag verder op.

## NG VERKEERDEVLEI:

Verkeerdevlei gemeente, net 70km uit Bloemfontein, hou 'n skaapkop- en afvalpotjie-kosaand op **Saterdag 30 Julie 2016**. Daar sal ook 'n skaapvleispotjie wees vir die wat nie so waaghalsig is nie! Skakel vir Annelize Pretorius by 083 504 2795 vir kaartjies @ R120 per volwassene, R60 vir skoliere en voorskool is gratis!

## 2. WERKSWINKEL / KURSUS:

### SKRYF JY BLOGS EN IS JY KREATIEF? – LEES DAN GERUS HIER:

**Short Blog – Tall Story:** Indien jy of jou besigheid graag blogs skryf en jy jou styl/tegniek wil verbeter, bied die skrywer, Dorian Haarhoff op **Dinsdag 16 Augustus 2016 vanaf 14:00 – 17:00**, 'n sessie aan oor die skryf van kort en kragtige blogs – daar is nog plek vir vyf persone @ R400pp.



**Symbols, Images and Dreams: a Workshop on Jung's Insights into Creativity:** Hierdie werkswinkel is vir diegene met 'n belangstelling in Kreatiwiteit, dit word op **Woensdag 17 Augustus 2016 vanaf 14:00 – 19:00** aangebied @ R550pp (verversings ingesluit).

Belangstellendes kan vir Igno van Niekerk by [igno@intekom.co.za](mailto:igno@intekom.co.za) kontak sodat hy julle in kontak met Dorian kan bring.

**KURSUS IN SPIRITUELE BEGELEIDING - 2017:** Die agtste rondte van hierdie 18-maande kursus in die kuns van spirituele begeleiding, begin Februarie 2017. Dit word deur die Ring van Suidoos-Pretoria aangebied, klik [hier](#) vir al die inligting.

### 3. ONTHOU OOK ASSEBLIEF DIE VOLGENDE:



**BID VIR 3 AUGUSTUS 2016:** Met die oog op die munisipale verkiesing op 3 Augustus, is die versoek dat onder meer vir die volgende sake voorbidding gedoen word:

- Vir 'n vrye en regverdigde verkiesingsproses sonder omkoperij, manipulasie, intimidasie.
- Vir die regte gesindheid van kandidate van die verskillende partye en die politieke leiers.
- Vir vrede tydens en na die verkiesing, ongeag die uitslag daarvan.
- Vir verkose leiers wat hulle sal beywer vir geregtigheid en vrede, versoening en positiewe nasiebou, en die verligting van armoede en werkloosheid.

#### GEBEURE BY GEMEENTES:


**NG SMITHFIELD: Basaar op Saterdag 30 Julie 2016 vanaf 09:00.**

**NG BOSHOF: Oggendtee op Saterdag 13 Augustus 2016 om 09:30 vir 10:00**, vir mans en dames in die skoolsaal van Hoërskool Boshof. Die spreker tydens hierdie geleentheid is dr Hannelie Groenewald, koste is R80pp en navrae kan gerig word aan Estie Botha by 083 976 3504, of die kerkkantoor by 053 541 0171.

**NG HOSPITAALPARK: 'n Pretstap van 5km Saterdag 20 Augustus 2016.** Dit begin by die NG Gemeente Hospitaalpark te Mayostraat, **inskrywings kan vanaf 07:45 gedoen word en die stap begin om 08:30.** Koste beloop R15 per volwassene en R10 per kind, vir navrae kontak Willie by 082 829 4310, gelukspryse gaan ook by hierdie geleentheid getrek word.

**UITNODIGING NA 'N DANKBAARHEIDSFEEES: NG Gemeente Hartswater**, Noord-Kaap vier hul 70ste verjaarsdag op **Saterdag 27 Augustus 2016** by die Hoërskool Hartswater. Alle oudlidmate- en predikante met hul families word uitgenooi, klik [hier](#) vir meer inligting. Kontak vir Elize by die kerkkantoor by 053 474 0612, of 082 948 2609.

**BESTELLINGS VIR JUBELJAAR FOTOBOEK:** Dié pragtige boek is beskikbaar @ R180 per kopie, kontak vir Christelle by die Sinodale Kantoor op 051 406 6700, of stuur 'n e-pos aan [kerkkantoor@ngkvs.co.za](mailto:kerkkantoor@ngkvs.co.za)



**Help2Rest-PROJEK:** Ds Theo Oosthuizen van die NG Gemeente Senekal is tans besig om hierdie projek van die grond af te kry met die eintlike doel om dit vir geestelike leiers moontlik te maak om jaarliks 'n gratis vakansie te gaan hou. Klik [hier](#) vir ds Theo se brief met meer inligting hieroor.

#### VAKATURE:

**Uitvoerende Hoof - Bybel-Media Groep, Wellington Wes-Kaap:** Hierdie pos word vanaf 1 Januarie 2017 vakant, klik [hier](#) vir al die inligting – die **sluitingsdatum Maandag 15 Augustus 2016.**

### 4. CLF FOKUS OP GEESTESGESONDHEID:



**Christene en Geestesgesondheid:** Met Julie as bewusmakingsmaand vir geestesgesondheid, fokus Christelike Lektuurfonds graag op Christene se ondersteuningsrol vir diene wat worstel met depressie, minderwaardigheid, moedeloosheid en angs. 'n Gejaagde, veeleisende lewensstyl, finansiële probleme, gebroke verhoudings en vele meer, plaas soveel druk op die hedendaagse persoon dat baie net nie meer kans sien om staande te bly nie. Uitbranding en depressie is aan die orde van die dag en daarmee saam die gevoel van waardeloosheid wat baie maal uitloop op selfdood. Ons as verteenwoordigers van God moet leer om sensitief te wees teenoor dié stukkende mense en deur sy oë, sonder oordeel, na hulle te kyk en te ondersteun.



Christelike Lektuurfonds het 'n pragtige boek genaamd **Jy is goed genoeg** in Afrikaans en Engels beskikbaar @ R25 per kopie (posgeld uitgesluit). Jy kan iemand met hierdie publikasie seën om deur 'n 40-dae reis te ontdek dat hul goed genoeg is in God se oë. As jy iemand ken wat worstel met depressie, bestel ook gerus die gratis pamflette met die temas "**Kry weer hoop**", "**Kwesbaar vir uitbranding**", "**Deernis vir depressie**" en "**Wanneer selfdood na al uitweg lyk**" en bied daarmee waardevolle inligting tesame met jou ondersteuning aan die persoon. Vir navrae, stuur 'n e-pos na [info@clf.co.za](mailto:info@clf.co.za)

## 5. VAKATURE:

**NG GEMEENTE VENTERSBURG**  
**VAKATURE: LERAAR**

**Gemeenteprofiel:**  
Die NG Gemeente Ventersburg is geleë in die Vrystaat langs die N1, tussen Kroonstad en Winburg. Ons bestaan uit 261 belydende en 71 dooplidmate met 11 dorpswyke en ses plaaswyke. Ventersburg beskik ook oor 'n goed toegeruste huis vir bejaardes.

**Ons behoeftes:**

- 'n Toegewyde gelowige wat die Here liefhet en dien, met volle ampsbevoegdheid in die NG Kerk.
- Skrifgetroue, dinamiese en aktuele prediker.
- Persoon wat bereid is om 'n herder, leraar en trooster te wees.
- Persoon met 'n passie vir mense, jeug en ouderwordende mense.
- Persoon wat sy pligte sal uitvoer volgens Artikel 9 van die Kerkorde.
- Persoon wat goed kan saamwerk en leiding kan neem.

**Vergoeding:**

- Die vergoedingspakket is beskikbaar op aanvraag.

**Aansoeke:**

- Aansoeke word ingewag van belangstellende geëligiteerde leraars asook proponente.
- Alle aansoeke moet vergesel word van 'n volledige CV met minstens drie verwysings asook hulle kontakbesonderhede. E-pos: [ngkerkventers@gmail.com](mailto:ngkerkventers@gmail.com)
- Sluitingsdatum vir hierdie pos is **12 Augustus 2016**.
- Kandidate, indien uitgenooi moet beskikbaar wees vir proefpreke en kennismaking.
- Die kerkraad behou die reg voor om nie 'n aanstelling te maak nie.

**Navrae:**

Voorsitter:	Emma Wessels,	082 826 2807
Leierouderling:	Danie Fourie,	082 492 3401
Skriba:	Charlotte du Plooy,	057 651 4541 of 073 275 1921

## 6. ALGEMEEN:

**Kantoorruimte beskikbaar:** Die **NG Gemeente Hugenoot** beskik oor ruimte om te verhuur. Enige navrae kan aan die kantoor gedurende kantoorure by 051 436 2659 gerig word.



**Pretparkrit beskikbaar vir geleenthede:** Indien gemeentes sou belangstel om hierdie pretparkrit tydens 'n kerkfunksie of basaar te wil gebruik, kontak asseblief vir Winton Nel by 072 807 0818 – hy bied dit kosteloos aan.

**7. VERJAARSDAE:** Baie geluk aan die leraars wat gedurende die komende week verjaar, seënwense vir die nuwe lewensjaar:

GELUKKIGE  
VERJAARDAG

**29 Julie:**

**Ds André van Staden - FICHARDTKRUIJN** - 051 522 8661, 083 456 6709, [andre@fichardtkruin.co.za](mailto:andre@fichardtkruin.co.za)

**31 Julie:**

**Ds Stephan van Heerden - BLOEMFONTEIN-NOORD** - 051 436 4412, 082 578 7840, [steso@telkomsa.net](mailto:steso@telkomsa.net)

## 8. TEN SLOTTE:

Groetnis tot volgende keer.

**THEA BOSMAN**

Samesteller/Redaksioneel: [kerkinfo@ngkvs.co.za](mailto:kerkinfo@ngkvs.co.za)

Kommunikasie - NG Kerk Vrystaat

Tel: 051 406 6719 Faks: 086 502 0821



INDIEN JY OP **VRYPOS** WIL INTEKEN, CLIK [hier](#) (meld asseblief ook jou gemeente/dorp)

AS JY **VRYPOS** WIL KANSELLEER, CLIK [hier](#)

Gee gerus vir ons terugvoer oor *Vrypos* by [kerkinfo@ngkvs.co.za](mailto:kerkinfo@ngkvs.co.za) – stuur ook enige nuusgebeure, inligting na hierdie adres.

NG KERK VRYSTAAT WEBBLAD: <http://www.ngkerkvrystaat.co.za/>

NG KERK VRYSTAAT FACEBOOK: 

VRYWARING / DISCLAIMER – Klik [hier](#)

## VAKATURE: UITVOERENDE HOOF - BYBEL-MEDIA GROEP, WELLINGTON WES-KAAP:



Die Bybel-Media (BM) Groep van maatskappye is 'n diens van die NG Kerk. Dié diens stel Christelike inhoud vir geloofsvorming en bediening in 'n verskeidenheid mediaformate aan 'n breë Christen-gehoor beskikbaar. Donateurs speel 'n belangrike rol in die finansieringsmodel. BM het **vanaf 1 Januarie 2017 'n vakature vir 'n Uitvoerende Hoof in permanente hoedanigheid.**

Die Uitvoerende Hoof rapporteer aan die direksie en is verantwoordelik vir die strategiese en operasionele bestuur van dié multimediasgroep. Die klem is op transformasie om BM optimaal toekomstgerig te bly posisioneer. Leierskap en bestuur fokus op talentbestuur, kreatiewe produkte, die ontwikkeling en instandhouding van fondswerwingsprogramme, asook die optimale aanwending van bronne om langtermyn groei en finansiële volhoubaarheid te verseker. Die Uitvoerende Hoof is die openbare gesig van die maatskappy en 'n dinamiese leier. Die volgende kriteria word by die aanstelling in oorweging geneem:

- Goeie taalvaardigheid in Afrikaans en Engels.
- Lidmaatskap van 'n gereformeerde kerk.
- Teologiese opleiding en praktiese ervaring in die bediening, met 'n passie vir die kerk van Jesus Christus en liefde vir die Here.
- Goeie kennis van die media- en publikasiewêreld, oopkop en met insig in die unieke bedryfsvereistes van BM en die digitale media-landskap.
- Finansiële bestuurskundigheid met begrip van fondswerwingsprogramme, bemarking en verkope.
- Vorming en bestuur van netwerke.
- 'n Spanwerker wat beskik oor uitstekende kommunikasie-, onderhandelings- en talentbestuursvaardighede.
- 'n Tersiêre kwalifikasie in bestuur of praktiese bestuurservaring.

Vergoeding: Mededingend.

Kandidate moet bereid wees om aan evaluering deel te neem. Die direksie behou die reg voor om nie 'n aanstelling uit die aansoekers te maak nie. As jy aan die posvereistes voldoen, **stuur jou CV in elektroniese formaat** aan [direksie@bmedia.co.za](mailto:direksie@bmedia.co.za). Verskaf in jou dekbrief die motivering waarom jy aansoek doen en 'n kort opsomming waarom jy jouself in hierdie rol sien.

**Aansoeke sluit:** 15 Augustus 2016

**Diensaanvaarding:** 1 Januarie 2017

**Navrae:**

Danie Mouton, voorsitter, 082 9234 178 of [danie@ngkok.co.za](mailto:danie@ngkok.co.za)

Johan Vosloo, ondervoorsitter, 083 440 5581 of [jomil@mweb.co.za](mailto:jomil@mweb.co.za)

[TERUG NA INHOUD](#)



Lig in die duisternis, hier vir God, mekaar en die wêreld